14. Diakonale Sake

14.1 RAPPORT DIAKONALE SAKE (Artt 20, 21, 184, 209, 210, 274)

A. Br HSJ Vorster lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Diakonale Sake.
C. Finansiële sake word na die Kommissie vir Finansies verwys.
D. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.
E. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake.
F. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies oor 2.5.2 tot 2.5.4.

G. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)

1.1 *Sinodale Deputate vir Diakonale Sake*

1.1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.

1.1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur ‘n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.

1.1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.

1.1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.

1.1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26).

1.1.6 Om hulp op die volgende wyse te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge Kerkorde, artikels 12, 79 of 80 die bediening voor 1994 verlaat het:
Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds (Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25 (Acta 2003:45, 2.1.8.1)) die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend, skep ‘n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar

Besluit: Kennis geneem van 1.1.1 tot 1.1.6.

1.2 *Noodlydendes en noodtoestande (Acta 2003:147, 2.2.2.1)*

1.2.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

1.2.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10)

1.2.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

1.2.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.

1.2.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.

1.2.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.

1.2.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

1.2.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.

1.2.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.

1.2.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

Verder is die volgende opdragte ook aan die Deputate gegee:

Besluit: Kennis geneem van 1.2.1 tot 1.2.10.

1.3 *Opdragte aan die te benoemde Deputate (Acta 2006. 168, 5)*

1.3.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS voortaan steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.

1.3.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.

1.3.3 Dat die Deputate skakel met die Residentia Stigting ten einde ‘n samewerkingsooreenkoms dáár te stel en/of kundigheid te bekom.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 *Sake waarvan kennis geneem kan word*

2.1.1 <u>Vergaderings</u>

Die Dagbestuur is: Ds DJ Bakker (voorsitter), br HSJ Vorster (Direkteur van die Administratiewe Buro en Skakeldeputaat van SDDS), di P Fanoy, GS Kruger, MJ Erasmus, brr CJH Kruger; WJ Cilliers, K Vorster, J Pretorius en sr M Ferraira.

Die ander lede van die direksie soos met die opstel van hierdie Rapport is: prof H van der Wateren (Waterberg), br B Marx en ds JD Potgieter (Burgersdorp), brr IvH Fourie, F Venter (PKK Reddersburg), Br WJ Kruger (PKK Pretoria). Br GM van Blerk het die vergaderings as adviseur bygewoon.

Gereelde Dagbestuursvergaderings op vasgestelde datums is gehou. Die direksie het aanvanklik een keer per jaar vergader, maar daar is in 2006 besluit om die vergaderings van die volle direksie na 3 keer per jaar te vermeerder. Hierdie vermeerdering van vergaderings was nodig sodat besluitneming wat alle tehuise raak nie in isolasie geneem sou word nie, maar om goeie kennis en insette van alle rolspelers te verkry. Vir die doel is die Bestuursvergaderings na ‘n sentrale punt, nl Kroonstad verskuif.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Skakeling*

2.2.1 Omdat skakeling na binne en buite gerig is, is op die volgende aspekte ten opsigte van skakeling na binne (kerkverband) sedert Sinode 2006 gefokus

2.2.2 Die tydige beskikbaarstelling van finansiële inligting. Die Administratiewe Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem (Acta 2003:149, 3.1) en bystand aan die tehuise op dié terrein verleen.

2.2.3 Die opstel van die nodige begrotings en beskikbaarstelling van maandelikse finansiële inligting.

2.2.4 Telefoniese skakeling met die tehuise asook besoeke een tot twee keer per jaar.

2.2.5 Sommige Sustersaamtrekke is bygewoon. In die toekoms sal skakeling ook hier uitgebrei moet word.

2.2.6 Voordragte is by die Diakonale Kongresse gelewer.

2.2.7 Briewe en vraelyste is gereeld aan diakonieë en Kerkrade oor verskeie sake gerig. Twyfel bestaan egter of hierdie briewe die nodige aandag van die betrokke vergaderings geniet het en die kerkverband behoort daarvan kennis te neem. Daar is ook baie swak op vraelyste gereageer. Die enigste manie om goeie inligting te bekom was deur intensiewe opvolging te doen.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.7.

2.3 *Insameling en hantering van fondse*

2.3.1 Fondse is op die volgende wyses ontvang en geadministeer:

2.3.1.1 Waar spesifieke opdragte vir die aanwending van Fondse ontvang is, is hierdie opdragte stiptelik uitgevoer.

2.3.1.2 Waar fondse ontvang is vir algemene aanwending deur SDDS, is hierdie fondse verdeel met in agneming van die volgende:

(i) Fondse wat direk aan die kerkverband aan tehuise gestuur is.
(ii) Spesifieke behoeftes by die tehuise.
(iii) Verder het die verdeling op ‘n gelyke basis geskied.
(iv) Inspraak deur die kinderhuise t.o.v. fondse wat vir hulle ontvang is.
(v) Verdeling om voorsiening te maak vir bystand aan diakonieë kragtens KO, art 25 (kyk by 2.3.6).

2.3.1.3 Die geouditeerde state word jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro en aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering voorgelê.

2.3.2 <u>Personeel</u>

2.3.2.1 *President Kruger Pretoria*

Die huidige hoof en sy eggenote, br Kobus en sr Annatjie Vorster word bygestaan deur twee maatskaplike werkers, 6 kinderversorgers, 2 kombuismatrones, ‘n sekretaresse en naaldwerkster asook ‘n terreinbestuurder. Skoonmaak en tuindienste word deur ‘n buite-instansie behartig.

2.3.2.1 *President Kruger Reddersburg*

Die huisouers, br en sr Izak Fourie word bygestaan deur ‘n maatskaplike werker, 12 assistente en 15 algemene assistente.

2.3.2.2 *Ons Huis Ouetehuis Florida*

Mevrou M Ferreira is die maatskaplike werker en ook die inrigtingshoof. Die personeel bestaan verder uit 1 Administratiewe Beampte, 1 huishoudster, 2 kokke, 4 susters, 2 stafsusters, 6 assistent-susters, 7 verpleeghulpe, ’n faktotum en ’n tuinwerker.

2.3.2.3 *Dirk Postma Ouetehuis Burgersdorp*

Meneer J Pelser is die tehuishoof. Die personeel bestaan verder uit 2 verpleegkundiges, 2 verpleegassistente, 10 versorgers, ‘n sekretaresse, ‘n huishoudelike opsigter, ‘n washuisopsigter, 2 kombuisopsigters, ‘n tuinier en 14 algemene assistente. Dit was gewoonlik ‘n probleem om genoegsame verpleegpersoneel te bekom.

2.3.2.4 *Waterberg Ouetehuis Nylstroom*

Sr A Wolhuter is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Verder bestaan die personeel uit 4 verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 4 assistente en 21 algemene assistente. Dit was gewoonlik ‘n probleem om genoegsame verpleegpersoneel te bekom.

2.3.2.5 *Administrasie*

Br HSJ Vorster tree as Skakeldeputaat op. Hy word bygestaan deur die personeel van die Administratiewe Buro. Die administrasie is teen vergoeding namens SDDS gedoen.

2.3.3 <u>Skakeling na buite</u>

Skakeling met die Owerheid

Waar moontlik is daar met Provinsiale Departemente van Welsyn geskakel.

2.3.4 <u>Subsidies</u>

Met die opstel van hierdie Rapport was die Deputate reeds daarvan bewus dat die subsidies van die kinderhuise op bykans dieselfde vlak vir die 2008/2009 finansiële jaar as die vorige jaar vasgestel is. Daar is reeds aanduidings dat die moontlikheid vir noemenswaardige uitbreiding van staatsubsidies nie baie goed is nie.

2.3.5 <u>Skakeling met ander instansies</u>

Skakeling met die Armoedekommissie. Hierdie Kommissie was ‘n Subkommissie van die TKR wat saamgeroep is met die doel om samewerking tussen plaaslike kerke te bevorder in gemeenskappe waar maatskaplike omstandighede onder lidmate maar

ook wyer agteruit gegaan het. Oor hierdie saak sal in die Aanvullende Rapport verder gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1 tot 2.3.5.

2.3.6 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25 (Acta 2003:45, 2.1.8.1)

2.3.6.1 Die Deputate het dieselfde drie diakonieë soos by die vorige Sinode bygestaan.

2.3.6.2 Briewe is aan alle diakonieë gerig om hulle op te roep om vir hierdie saak by te dra met verwysing na die riglyn van R10 per belydende lidmaat. Daar word na hierdie saak teruggekom.

2.3.7 Korrelering en Koördinering

2.3.7.1 Algemeen

2.3.7.1.1 Die Deputate tree korrelerend en koördinerend op ten opsigte van:

(a) Insameling en hantering van fondse

(b) Bepaling van beleid met betrekking tot personeel:

2.3.7.2 Inrigtings

2.3.7.2.1 President Kruger Pretoria

Die Kinderhuis is in die gemeente van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot en huisves 63 kinders

2.3.7.2.2 President Kruger Reddersburg

Die Kinderhuis is in die gemeente van Reddersburg en huisves 63 kinders

2.3.7.2.3 Kinderhuise – Algemeen

Gedurende die afgelope drie jaar het die Besture en personeel van ons kinderhuise nog steeds op alle terreine saamgewerk deur minstens twee maal per jaar te vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

2.3.7.2.4 Ons Huis Ouetehuis Florida

Die tehuis huisves ongeveer 50 bejaardes

2.3.7.2.5 Dirk Postma Ouetehuis Burgersdorp

Die tehuis huisves ongeveer 49 bejaardes

2.3.7.2.6 Waterberg Ouetehuis Nylstroom

Die tehuis huisves ongeveer 71 bejaardes

Besluit: Kennis geneem van 2.3.6 tot 2.3.7.2.6

2.4 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.4.1 Deputate skakel met Residentia Stigting

2.4.1.1 Die Bestuur van SDDS het na baie oorweging tot die besef gekom dat die bedryf van ouetehuise en die versorging van bejaarde persone in die ouetehuise, ‘n gespesialiseerde taak is wat nie by die SDDS tuishoort nie. Die taak van SDDS is eerder om toe te sien dat bejaarde inwoners van ouetehuise in nood, deur hulle diakonieë waar nodig, bygestaan word en waar nodig om bystand uit die breë kerkverband aan daardie betrokke diakonieë te verleen om hulle diakonale taak daar te verrig.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.1.2 ‘n Klein persentasie van die inwoners van die ouetehuise is Gereformeerde lidmate, maar die persepsie en verwagting bestaan by die inwoners en in sommige gevalle ook hulle naasbestaandes dat die GKSA vir alle tekorte op die bedryf van die ouetehuise moet instaan. Hierdie feit wat uitloop op fondsinsamelingsveldtogte het baie druk op die besture en veral inrigtingshoofde geplaas.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.1.3 Die Bestuur van SDDS het toe met Residentia Stigting (voorheen die Gereformeerde Stigting) in gesprek getree. Die uiteinde van hierdie gesprekke is dat daar ooreengekom is dat Residentia Stigting die bates en bedryf van Waterberg Ouetehuis, Nylstroom en Ons Huis Ouetehuis, Florida vanaf 1 April 2008 sal oorneem. Die Bestuur van die Stigting het nie hulle weg oop gesien om Huis Dirk Postma in Burgersdorp oor te neem nie omdat hulle reeds ‘n ouetehuis in die naby geleë Bethulie onder moeilike omstandighede bestuur.

Besluit: Goedgekeur. (Hierdie punt verwys na die optrede van SDDS om Waterberg Ouetehuis [Nylstroom] en Ons Huis Ouetehuis [Florida] aan Residentia Stigting oor te dra.)

2.4.1.4 Die voordele van die voorgenome oorname van die tehuise deur die Stigting is die volgende:

2.4.1.4.1 Die Stigting bestuur tans 20 ouetehuise en die SDDS slegs 3. Vanweë die sukses waarmee hierdie taak deur die Stigting uitgevoer word, het die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling byvoorbeeld versoek dat die Stigting 'n ouetehuis in Eersterus in Pretoria oorneem.

2.4.1.4.2 Dit is vir die Stigting vanweë hulle neutrale aard makliker om vir fondse vanaf die breë publiek en sakesektor te beding.

2.4.1.4.3 Die Stigting kan vanweë sy neutrale aard makliker met die ondersteuningsbasis (gesin en familie) van die inwoners onderhandel.

2.4.1.4.4 Hierdie aangeleentheid is op 31 Maart 2008 met die uitsondering van die oordrag van die personeel se pensioene finaal afgehandel.

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode gee opdrag aan SDDS dat die onafgehandelde waarvan melding in die Rapport gemaak word, afgehandel word.

2.4.2 Gemeenskapsamewerking: Burgersdorp

2.4.2.1 In die geval van Huis Dirk Postma het die kerkgemeenskap van Burgersdorp besluit om saam met ander belangstellendes die bates en bedryf van die ouetehuis oor te neem. Ook hier was dit dus moontlik om die ondersteuningsbasis van die ouetehuis te verbreed deurdat die hele plaaslike gemeenskap by die ouetehuis betrek word.

2.4.2.2 Hierdie aangeleentheid is nog nie finaal afgehandel nie.

Besluit: Kennis geneem. Die Sinode gee opdrag aan SDDS dat die onafgehandelde waarvan melding in die Rapport gemaak word, afgehandel word.

2.4.3 Samewerking met diakonieë

2.4.3.1 Noodlydendes en noodtoestande

2.4.3.1.1 Briewe is aan Kerkrade en diakonieë gerig om die Fonds te verstewig of om spesifieke nood onder die aandag van die Deputate te bring.

2.4.3.1.2 Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is: Met hierdie toekennings is die Sinodeopdragte nougeset nagekom

(i) Nood van inwoners in Zimbabwe
(ii) Gereformeerde Kerk Bethulie
(iii) Gereformeerde Kerk Johannesburg-Suid
(iv) Gereformeerde Kerk Potchefstroom
(v) Gereformeerde Kerk Mariental
(vi) Gereformeerde Kerk Eden

2.4.3.1.3 Hoewel ons die saak van hulpverlening aan diakonieë vir noodleniging gereeld in die kerkverband bekend gemaak word, ontvang ons weinig aansoeke om hulp uit die noodfonds terwyl die vermoede bestaan dat daar tog nood bestaan. Die Deputate word genoodsaak om in terme van die Sinodeopdrag self navraag te doen na nood wat mag bestaan.

2.4.3.1.4 Selfs 'n vraelys aan kleiner diakonieë het 'n baie swak respons tot gevolg gehad. Gedurende 2008 is daar weer 'n vraelys na die diakonieë gestuur. Hierdie vraelys word telefonies opgevolg en behalwe vir die antwoorde wat nog verwerk moet word, het die volgende aan die lig gekom:

2.4.3.1.4.1 Sommige voorsitters van diakonieë ontvang nie posstukke nie

2.4.3.1.4.2 Diakonieë gee min aandag aan skrywes wat ontvang word

2.4.3.1.4.3 Die vinnige wisseling van diakens bring ook mee dat kontinuïteit 'n probleem skep.

2.4.3.1.4.4 Gebrek aan kennis in die afhandeling van sake.

2.4.3.1.5 Oor hierdie saak sal verder in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.3.1 tot 2.4.3.1.5.

2.4.4 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25 (Acta 2003:45, 2.1.8.1)

2.4.4.1 Die Deputate het aan diakonieë briewe gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is en die riglyn van ‘n vrywillige bydrae beklemtoon is. Intussen het die Deputate drie diakonieë bygestaan in die versorging van KO, artt 12, 79 of 80 predikante.

2.4.4.2 Enkele diakonieë het wel gehoor aan hierdie versoeke gegee, maar die Deputate was genoodsaak om elke jaar, teenstrydig met die diakonale opdragte, hierdie uitgawe uit die algemene toekennings aan te vul.

2.4.4.3 Oor hierdie saak sal verder in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Rondom Glenzicht Aftree-Oord*

2.5.2 Die Glenzicht projek het hierdie jaar in ‘n afhandelings fase gegaan met nog net die volgende sake wat uitstaande is:

2.5.2.1 Die afhandeling van die retensiewerk wat nie deur die Ontwikkelaar nagekom is nie.

2.5.2.2 Die afhandeling van rente aan die inwoners verskuldig deur die Ontwikkelaar wat hulle gelde ontvang en administreer het by die aanvanklike koop van lewensreg. Verder het dit meegebring dat ons die sake na ons prokureurs moes verwys

2.5.2.3 Die konsolidasie van die twee erwe op die terrein wat nie deur Marprieu volgens kontrak afgehandel is nie.

2.5.2.4 Die versorgingseenheid waarvoor die infrastruktuur daar gestel is.

2.5.3 Hierdie bogenoemde onafgehandelde sake het meegebring dat ons ‘n voltydse projekhulp aangestel het.

2.5.4 Teenstrydig met die Sinode opdrag het die projek nie sonder kostes verloop nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.5.1 tot 2.5.4. Die te benoemde Deputate moet dringend aandag gee aan die sake wat nog uitstaande is.

2.5.5 ‘n Woord van dank word gegee aan almal wat baie harde werk tyd en baie moeite in die projek in gesit het namens SDDS in besonder ds DJ Bakker en br CJH Kruger.

Besluit: Goedgekeur.

3. Finansiële state

Sal in die Aanvullende Agenda gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem. Verwys na Kommissie vir Finansies.

4. Opdragte aan die te benoemde Deputate (Acta 2003:146, 2.2)

4.1 *Sinodale Deputate vir Diakonale Sake*

4.1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.

4.1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur ‘n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.

4.1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.

4.1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.

4.1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26).

4.1.6 Om hulp op die volgende wyse te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge Kerkorde, artikels 12, 79 of 80 die bediening voor 1994 verlaat het:
Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds (Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25 (Acta 2003:45, 2.1.8.1)) die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend, skep ‘n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar

Besluit: Punt 4.1.1 tot 4.1.6 word goedgekeur.

4.2 *Noodlydendes en noodtoestande (Acta 2003:147, 2.2.2.1)*

4.2.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

4.2.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10)

4.2.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

4.2.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.

4.2.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.

4.2.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.

4.2.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

4.2.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.

4.2.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.

4.2.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

Verder word die volgende opdragte ook aan die Deputate gegee:

Besluit: Punt 4.2.1 tot 4.2.10 word goedgekeur.

4.3 *Opdragte aan die te benoemde Deputate (Acta 2006:168, 5)*

4.3.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.

4.3.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.

Besluit: Goedgekeur.

H. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

1.1 *Bystandfonds vir diakonieë kragtens KO, art 25*

Die aangeleentheid rakende bydraes uit die kerkverband om diakonieë (tans 3) by te staan in die versorging van KO, artt 12, 79, 80 predikante is nou al by verskeie Sinodes aanhangig gemaak. Die Deputate het in navolging van Sinode 2003 (Acta 203:145, 2.1.8) en Sinode 2006 (Acta 2006:165, 2.4.1.1) hierdie saak weereens onder die aandag van diakonieë gebring.

Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat vir die 2007/2008 finansiële jaar genoegsame kollektes ontvang is om die uitgawes te dek.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 *Skakeling met ander instansies*

Hierdie Subkommissie van die TKR het bestaan uit lede van die APK, GKSA, NGK en die NHK. Die Kommissie het gereeld vergader en die werkswyse waarop besluit is was om ‘n verarmende samelewing te identifiseer, daarna om rolspelers uit die betrokke kerkgemeenskappe saam te trek en dan ‘n model van samewerking aan hulle voor te hou. Die doel was om kragte in dieselfde samelewing wat op dieselfde terrein arbei, saam te snoer ten einde duplisering uit te skakel. As loodsprojek is die samelewing van Swartruggens geïdentifiseer en die model is aan hulle voorgehou. Die rolspelers in

hierdie samelewing het inderdaad hande gevat en alle aanduidings is dat die projek ‘n sukses is.

‘n Verslag is aan die TKR voorgelê, en daar word tans op sanksionering gewag dat die Subkommissie met sy werksaamhede kan voorgaan.

Die Deputate is ook van mening dat daar met hierdie samewerking voortgegaan moet word en dat meer gemeenskappe op hierdie wyse saamgesnoer kan word ten einde die groeiende armoedevraagstuk in ons land aan te spreek.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Noodlydendes en noodtoestande*

2.2.1 Vraelys

Die Deputate: Noodtoestande het ‘n vraelys om die nood in ons kerkverband te bepaal, soos in die Agenda vermeld, uitgestuur. Deur alle uitstaande vraelyste gereeld telefonies op te volg is antwoorde van 43% van die diakonieë ontvang.

Die resultaat wat aan die lig gekom het is die volgende:

(i) ‘n Buitengewone groot getal kinders by die nood betrokke
(ii) 65% van die diakonieë het aangedui dat hulle bewus is van al die nood in die gemeentes
(iii) Slegs 41% van die diakonieë het aangedui dat hulle in 100% van die nood kan voorsien
(iv) 22% van die nood bestaan by lidmate wat jonger as 40 jaar oud is.

Besluit: Neem kennis van resultate (i) tot (iv).

Aanbeveling

Dat ‘n omvangryke projek deur SDDS van stapel gestuur word om:

(i) Die nood in die kerkverband te identifiseer
(ii) Wyses te vind om die nood aan te spreek
(iii) Projekte van stapel te stuur ten einde die probleem aan te spreek.

Besluit: Keur aanbevelings (i) tot (iii) goed.

2.2.2 Mediese hulp

Die primêre opdrag van die Deputate: Noodtoestande is en ons haal aan: “om daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie.” Dit gebeur egter toenemend dat die Deputate versoeke om mediese hulp ontvang. Die aard van hierdie hulp vir gevalle is gewoonlik van ‘n ernstige aard waar die mediese kostes ook omvangryk is. In ‘n enkele geval waar die Deputate betrokke geraak het, is die pasiënt by ‘n Staatshospitaal behandel.

Die vraag ontstaan nou of die Deputate: Noodtoestande of SDDS by sulke sake betrokke moet raak en indien wel, op welke wyse. Die versoek is dat die Sinode hom oor hierdie aangeleentheid sal uitspreek.

Besluit: Dat geen fondse uit die Noodtoestande Fonds aangewend word vir mediese kostes nie. Die Deputate moet die mediese nood kragtens hul opdrag in 4.2.5 onder die aandag van kerke en diakonieë bring.

2.3 *Versorging van afgetrede werknemers van SDDS*

Op ‘n laat stadium tydens die dienstydperk van die Deputate het die Deputate bewus geword van die nood in die daaglikse versorging wat by sommige van die voormalige werknemers van SDDS bestaan. Die probleem het daarin ontstaan dat vergoeding nie na behore geskied het nie en dat huidige pensioene van hierdie persone nie genoegsaam is nie. In sommige gevalle word daar hulp verleen, maar geen vaste metode bestaan vir die vasstelling of van die oplossing van die probleem nie.

Aanbeveling

(i) Dat goedkeuring verleen word dat ‘n fonds vir ‘n begin van R200 000, in die lewe geroep word met die doel dat bestaande voormalige werknemers in die daaglikse versorging bygestaan word.
(ii) Dat die te benoemde Deputate hierdie aangeleentheid as ‘n saak van prioriteit ondersoek en dadelik maatreëls in plek stel dat die aangeleentheid met waardigheid afgehandel kan word.

Besluit: Keur aanbeveling (i) en (ii) goed.

2.4 *Aanbeveling vir te benoemde Deputate*

2.4.1 Die Sinode wys die volgende Deputate aan:

2.4.1.1 ‘n Voorsitter, Ondervoorsitter en een persoon om die sake namens SDDS by Glenzicht te hanteer. ‘n Verdere 4 persone word aangewys waarvan 2 uit die jong kerke (verkieslik 1 uit die Vrystaat en 1 uit die Gauteng-omgewing) aangewys moet word.

2.4.1.2 Verder moet die Besture van die twee kinderhuise self 2 Deputate elk aanwys.

2.4.1.3 Die Direkteur van die Administratiewe Buro as Skakeldeputaat en die 2 inrigtingshoofde is ex offisio lede van die Deputate.

2.4.1.4 Daar word nie weer Deputate: Noodtoestande aangewys nie. Hierdie sake sal in die toekoms deur die SDDS hanteer word.

Besluit: Goedgekeur dat minstens twee van die Deputate diakens is.

2.4.1.5 Die te benoemde Deputate word opdrag gegee om in die lig van KO, art 36 te besin oor die betrokkenheid van die SDDS by die bestuur van die kinderhuise. In die besinning moet aandag gegee word aan die redes waarom die SDDS-ouetehuise aan Residentia Stigting bemaak is, asook oor die betrokkenheid van SDDS (en diakonieë van alle kerke) by die geestelike en fisiese versorging van die kinders in die tehuise.

Besluit: Goedgekeur.

3. Finansiële Verslag

Besluit: Goedgekeur.

Kyk Addendum : Finansiële State agterin Handelinge.